Tema: Twee vlamme in die tabernakel: God se ewige en altyd beskikbare genade en krag wat ons deur die lewe dra.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 84-2: 1, 3, 5
Ps. 34-1: 1, 4, 8 (Tweede melodie)

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 43–1: 2, 3, 4
Votum
Seën
Lofsang Ps. 27–1 ; 1 en 4
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Levitikus 6: 8 - 13 en Levitikus 24: 1 – 4
Teks: Lev. 6: 9 en Lev. 24: 3
Sing: Ps. 119–1 : 47 en 48
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Dankgebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Slotsang Ps. 89–1: 8, 10, 11
Wegstuurseën
Sb. 13-3 (Amen)

Geliefde brs. en srs en kinders

Word jy ook soms moeg en moedeloos? Natuurlik nè! Want elkeen van ons wat die nuwe lewe wat ons in Christus ontvang het en wat die opdrag ernstig opneem om dié lewe uit te leef, weet watter worsteling dit inhou. Daardie stryd om toewyding, die stryd om jou prioriteite reg te hou, die stryd om jou eie belange te begrawe en die Here altyd eerste te stel. Die geveg in jou binneste om bereid te wees om die minste te wees. Dit is baie moeilik!

Br. en sr. die Here, wat ons hierdie nuwe lewe gegee het en wat ons oproep om dit voluit te leef, weet dit. Hy het geweet dat dit vir Aaron en sy seuns, wat daar in die tempel moes dien, en so ook vir sy volk ʼn stryd sou wees en ook vir elkeen van ons vandag.

Daarom het die Here daar in die tabernakel twee simboliese handelinge laat gebeur om sy priesters en die volk hiertoe te help en wat vandag nog vir ons van wonderlike betekenis is. Die Here het gesorg dat daar altyd twee vlamme in die tabernakel en later in die tempel sou brand. Die een vlam moes ononderbroke brand en die ander een elke nag.

Die een was die vlam van die vuur op die brandofferaltaar wat nooit mog doodgaan nie en die ander een was die vlamme van die kandelaar wat snags nie mog doodgaan nie.

En hierdie twee vlamme verkondig vanaand aan ons dat God vir ons ewige genade en krag voorsien sodat ons ons nuwe lewe kan uitleef en ons dienswerk kan doen. Kom ons noem dit vlamme van genade en bemoedigende krag.

Die Here wat ons so volledig opeis, voorsien ook alles wat ons nodig het om hierdie nuwe lewe te leef en ons dienswerk te verrig. Daarom moet ons nie moedeloos word en dink dat God te veel van ons eis nie. Ons moet nie dink dat ons dit nie sal kan verrig soos die Here verwag nie. Nee, Hy wat alles vra, gee ook alles sodat ons dit kan doen.

Kom ons kyk na die eerste vlam.
In Lev. 6 lees ons van die instruksies met betrekking tot die brandofferaltaar se vuur. Die brandoffer was die belangrikste offerwerk wat die volk kon doen. Dit is op hierdie altaar waar die diere versoening bring tussen God en mens en waar die gelowiges hulle diens en toewyding aan die Here bewys.

En nou die opdrag: die vuurvlamme op hierdie altaar mag nooit doodgaan nie. Tot 3 keer word dit in daardie paar verse herhaal: God is baie ernstig oor hierdie opdrag. Waarom? Omdat hierdie vuur simbolies is van die voortdurende en onophoudelike diens wat die volk aan die Here moet verrig. Aan die een kant ʼn simbool vir God : dat sy volk hom toegewyd en met oorgawe dien.

Maar dit is ook simbool vir die priesters en die volk. ʼn Simbool van God se ononderbroke, alom teenwoordige en genadige teenwoordigheid by sy volk. Daardie vlam wys heen dat God altyd daar is vir sy kinders. Die vlam van die brandofferaltaar. Die altaar van versoening en daarom wys dit heen na die ewige genadewerk van Jesus Christus se offer wat ons met God versoen. Die volk kon na hierdie vlam kyk en weet die Here is altyd daar vir my. Daar is vir ons vergifnis.

Br. en sr. ons wat erns maak met God se oproep tot ʼn nuwe lewe en erns maak met toewyding, ken die teleurstellende pad van mislukkings. Saam met Paulus kan ons uitroep: hoe meer ons die goeie wil doen, hoe meer doen ons kwaad. Ons ken die

swakheid van ons gees en ons vlees. Ons weet hoe dikwels ons ons voorneem en hoe baie keer daardie voornemens tot niks kom. En hierdie pad van mislukkings kan ŉ mens baie moedeloos maak. Dit kan jou in jouself en in God laat twyfel.

Om hierdie rede laat God die vlam van die altaarvuur altyd brand. Die vergifnis wat ons by God in en deur Christus ontvang is vir ewig. Dit hou vir die berouvolle en opregte sondaar nooit op nie.

Elke keer, elke keer kan ek weer met my mislukking, met my tekortkoming, met my verspeelde kanse, my leë beloftes, my leë hande terugkeer om vergifnis te ontvang. En elke keer - as my gesindheid reg is – tel die Here my weer op en versoen Hy ons met mekaar. Die vlam van die brandofferaltaar wat nooit geblus mog word nie – dui op die ewige genade wat vir ons by God ons Vader te vind is in Christus Jesus.

En daarom kan ons elke keer weer voor begin. Kan ons regmaak wat verkeerd gegaan het Brs. en srs. hierdie genade van God maak toewyding en volharding in sy diens moontlik. Hierdie genade maak dit vir my moontlik om as gebroke en onvolmaakte mens – tog my nuwe lewe ten volle na te jaag en diensbaar te wees in sy Koninkryk. Daar is ewige versoening vir my foute. Dit laat my weer opstaan.

Br. en sr. gaan vind dan, met jou mislukkings in God se diens, met jou vaskleef aan die ou mens met sy ongehoorsaamheid, sy eiewilligheid, sy luiheid en wat ook, telkens weer genade by die vlam van die brandofferaltaar wat nooit geblus sal word nie. Soek vergifnis by God, maak ŉ nuwe begin. Dan kan jy toegewyd die Here dien.

Maar , geliefdes, daar was ook ŉ ander baie spesiale vlam wat altyd in die nag moes bly brand. Kom ons kyk tweedens na die goue kandelaar wat brand van suiwer olyfolie. Die priesters moes sorg dat hierdie lamp veral in die nag nie doodgaan nie. Dit is die simbool van God se lig in die donker lewe van sy kinders. Hierdie kandelaar met sy olyfolie is die simbool van die kragtige werking van die Heilige Gees in die lewe van gelowiges. Ja, veral in die nag – wanneer mens bang word en alleen voel – dan moes die lig van die Kandelaar die priesters herinner dat God hulle nooit sal verlaat nie, maat dat Hy kragtig in hulle sal werk.

Hierdie vlam het ewig bly brand. Johannes die Doper profeteer dat Jesus Christus ons met die Heilige Gees en met vuur sal doop. En met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, dan verskyn die Heilige Gees soos vuurtonge op die koppe van die gelowiges. Daarmee is verseker dat elke gelowige kragtig deur die Heilige Gees verlig en gelei sal word. En elkeen van ons is met die Heilige Gees gedoop.

So sorg God dat ons met krag ons nuwe lewe kan uitleef en in sy diens kan staan. Ons moet ons dan die Heilige Gees laat lei. Hoe? Bid elke dag om sy leiding, bekeer jou van sonde en wees gehoorsaam aan die Woord van die Here

Ons lees in Gal 5 van die geveg wat die Heilige Gees met my sondige natuur het – ons moet die Gees laat oorwin en nie ons eie wil nie. Dit is Hy wat ons in ons dienswerk lei en krag gee; Hy gee leiding – leer my wat ek moet doen. Hy gee my gawes – sodat ek dit kan doen. Hy gee my krag, geloof, liefde, toewyding en alles wat ek nodig het vir my dienswerk. Hy help my om te getuig – daarvan lees ons in Open. 11: 4 : die twee getuies wat met krag getuig van God – alleen deur die krag van die Gees. Hy is ook ons Trooster wat ons bystaan en troos in tye van beproewing en versoeking.

Dit alles gee die Here ons deur die vlam van die kandelaar wat snags moes brand. Dit is ŉ belofte van God se ewige hulp en bystand. Hy sal altyd by my bly.

Daarom moet ons nie moedeloos te word in ons stryd om die nuwe lewe nie. Ons het Christus en sy Gees – ons het alles om toegewyde gelowiges vir die Here te wees.
Ons gesindheid moet altyd wees: Here, nie my wil nie, maar wil, nie in my krag nie, maar in u krag – dan sal die HG ons ook kragtig lei.

Geliefdes, Soos die 2 vlamme in die tabernakel sigbare tekens was wat die volk bemoedig het, so het die Here ook vir ons twee sigbare tekens gegee. Die doop en die Nagmaal. Volgende Sondag kan ons weer die sigbare tekens van die Nagmaal, die brood en wyn, sien en proe. Ook hierdie tekens het die Here vir ons gegee om ons te bemoedig. Kom ons sien dan met verlange uit om die Nagmaal te vier en so versterk te word in ons geloof.

Kom ons deins dan nie terug nie, kom ons leer om elke keer terug te kom vir genade in Christus – die brandoffervlam brand vir ewig.

Kom ons leer om in die nag te kyk vir die lig van die lamp – die Kandelaarsvlam van die Gees - want dan sal ons toegewyd en met krag ons nuwe lewe kan uitleef en dien.

Amen.